Paardekraal Gelofte (Majuba dag)
27 Feb. 2018



Klippe in die Vaalrivier

G. J. Du Preez 072 1876 076

2.

Program

Verwelkoming----------

Openingsgebed----------

Lofprysing ---------- Ken jy die land

Gelofte geheue----------

Kyk ‘n DVD----------

Lofprysing----------As die Magtige van Jakob

Die onse VADER gebed-------Almal gesamentlik

Spreekbeurt----------

Gebed lesing----------

Lofprysing----------Lied van Jong Suid Afrika

Spreekbeurt----------Een van die gaste

Kort gebede uit gehoor-------

Na gebede vra vir 3 min stilte tot eer en respek vir die dag

Spreekbeurt----------

Lofprysing----------O Boere plaas

Die lees van die Geloftes-----

Lofprysing----------Die Stem

Laaste gedagte en afsluit met die Paardekraal gelofte ---

KEN JY DIE LAND

Ken jy die land waar die Boerevolk woon?
Land met sy berge, terrasse gekroon,
Land met sy ruimte so wyd en so vry,
Ai, dis die land, dis die wêreld vir my.

KOOR
Ken jy die land, ken jy die land, Ken jy die land
waar die Boerevolk woon?
Ken jy die land waar die Boerevolk woon?
Ai, dis die land, dis die wêreld vir my.

Ken jy die land met sy sonlig, sy veld,
Land met sy spore van Voortrekker held,
Land met sy stemme, diep stemme wat vra,
Ai, dis die land, dis my Suid-Afrika.

KOOR
Ken jy die land, ken jy die land, Ken jy die land
waar die Boerevolk woon?
Ken jy die land waar die Boerevolk woon?
Ai, dis die land, dis my Suid-Afrika.

Gelofte geheue

Ex. 19:10,11 Verder het YAH aan Moses gesê: Gaan na die volk en reinig hulle vandag en môre, en laat hulle hul klere was en hulle gereed hou teen die derde dag. Want op die derde dag sal YAH voor die oë van die hele volk op die berg Sinai afdaal.
Jes. 1:18 Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê YAH: al was julle oortredinge soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Hier is ses aspekte wat gerespekteer moet word as volk.
(1) Dat ons slegs die oorspronklike en regte Name moet gebruik "YAHUSHA"
(2) Dat ons net die 1933/53 Skrifte gebruik.
(3) Dat daar gebid word tot VADER deur SY Seun YAHUSHA.
(4) Ons erken en bely dat ons dié SKEPPERS van die heelal, van die Slag van Bloedrivier en Paardekraal aanroep.
(5) Daar mag geen ander volke in die vergadering van die Boere *Yashar'EL* wees nie.
(6) Daar mag geen kerk hoedanigheid met hul predikers die vergadering van YAH se volk wees nie. 1Kon.18:14

Ons moet besef dat die tyd wat ons bymekaar kom moet ‘n tyd van sak en as wees. Dit moet die tyd wees dat ons moet besef dat ons ongehoorsame ‘kinders’ is. Ons moet ieder en elk sy klere kan skeur en met groot berou voor VADER staan. Los die vroomheid en wees treurig, want ons is in groot noot.

AS DIE MAGTIGE VAN JAKOB

As U Magtige van Jakob hierdie
aarde gaan betree om die nasies in U
grimmigheid te dors, sal die juigkreet
op die lippe van ons vyande verstom
Dis tot redding van U volk dat U weer kom!
Koor
Prys YAH, o huis van Jakob!
bring HOM eer, HY is ons REDDER!
loof SY NAAM, Hy’s ons verwagting
Dis tot redding van U volk dat U weer kom!

As U optrek teen die vyand wat U
erfdeel wil verslind, wat hul groot hou
teen YAH en teen U volk
Sal hul vestings inmekaar stort en
hul trotsheid hul verlaat, want U kom
om af te wend U volk se smaad.
Koor
Prys YAH, o huis van Jakob!
bring HOM eer, HY is ons REDDER!
loof SY NAAM, Hy’s ons verwagting
Dis tot redding van U volk dat U weer kom!

As YAH ons lot verander sal ons
wees soos een wat droom
Sal ons tong, ons mond gevul wees
met gejuig
Ons sal water skep met vreugde uit
fonteine van U heil, o hoe groot U
goedheid vir wie by U skuil!
Koor
Prys YAH, o huis van Jakob!
bring HOM eer, HY is ons REDDER!
loof SY NAAM, Hy’s ons verwagting
Dis tot redding van U volk dat U weer kom!

Die onse VADER gebed

Onse Almagtige VADER,
U wat in die Hemele woon,
help U uitverkore om U Naam rein te hou.
Laat U Koninkryk kom,
laat YAHUSHA kom heers sodat almal op aarde
U kan eer soos daar by U in die hemele.
Gee vandag ons daaglikse brood vir môre se behoefte,
en vergewe ons, ons skuldige dade soos
ons die vergewe wat teen ons skuld het.
Moet ons nie te hard toets nie.
Laat nie toe dat ons versoek word deur die bose een nie,
en hou ons veilig weg van hom,
want aan U behoort dié Koninkryk,
dié Krag, dié Lofprysing tot in ewigheid.
Amein

Gebed tot VADER oor die herstel van dié Koninkryk

"O" VADER, grote en gedugte HEERSER van die hemele, wat die verbond met U Seun en U goedertierenheid hou vir die wat U liefhet en U gebooie onderhou op aarde.

In verootmoediging buig ons 'U eens uitverkore volk' voor U 'o' VADER. Laat U oor tog opmerksaam en U oë oop wees, om te luister na die gebede van U volk wat vandag voor U aangesig 'deur die geloof' 'n gebed plaas. Ja die Sakser / *Yashar'EL* / Boerevolk 'die verstrooide' volk anderkant die riviere van Kus; 'Suid Afrika' U knegte 'o' VADER. Ons en ons familie is hier om te erken dat ons gruwelik teen U gerebelleer het.

Ons het baie verkeerd gehandel teenoor U, en ons het die gebooie en insettinge en verordeninge wat U aan Moses, U kneg, beveel het nie gehou nie. Ons het U aangesien en verkleineer as 'n "drie enige Magtige" en weet dit was verkeerd. Ons erken U Seun "YAHUSHA" en U as die Oue van Dae, "O" VADER; U het U Seun aangestel as dié MAGTIGE EEN oor alle geeste. Ons het U in Baäl name aangespreek en weet nou dat dit U toornig maak. Ons het op al ons eervolle plekke gode en obeliske opgerig, en 'n veragtelike gruwel was die oortreding teen U 'o' VADER. Ons roep uit onder die volk om die gruwel af te breek waar dit ook al verskyn. Ons voorvaders het verkeerd gehandel om edelman en heidene oor ons aan te stel. Dit het U ontstig. Ons het tot daardie oortredings besef gekom; dink tog aan die woord wat U aan Moses, U kneg, beveel het, naamlik: ... *as julle jul tot My bekeer en My gebooie onderhou en dit doen—al was julle verjaagdes aan die einde van die hemel, dan sal Ek hulle daarvandaan versamel en hulle bring na die plek wat Ek verkies het om My Naam daar te laat woon.*

Ons is skuldig aan oortredinge, ja, gruwelik het ons oortree, verkeerd het ons gedoen, boos het ons gehandel, in opstand gekom en van U Gebooie en Verordeninge afgewyk. Ons was halsstarrig en nie geluister na U knegte wat in U Naam gespreek het tot ons en ons vaders nie. So het die hele volk van die land skuld daaraan.

Aan U "o" VADER, kom die eer en geregtigheid toe, maar aan ons beskaming van die aangesig soos dit vandag is. Ja die wat naby en die wat vêr is in al die lande waarheen U hulle verdryf het, Ja oor ons ontrouheid wat ons teen U begaan het. VADER aan ons kom toe beskaming van die aangesig, aan ons owerstes en aan ons vaders, omdat ons U Wette geminag het.

Ons vra met smeking o VADER, U Seun, wie U spoedig as Regter, Heerser en Koning op hierdie aarde moet kom vestig. Want by U, VADER, onse VADER, is barmhartigheid en vergewing, want ons het teen U en U Seun opgestaan en na die stem van YAHUSHA U Gesalfde, onse MAGTIGE, nie geluister om te wandel in U Wette wat U ons deur die diens van U knegte, die profete, voorgehou het nie.

Maar die hele *Yashar'EL* / Saksers het U Wet oortree en afgewyk deurdat hulle nie na U stem in YAHUSHA geluister het nie. Hulle het 'n aardse heersers gesoek en U teleurgestel; daarom is die vloek en die eed om te vernietig oor ons uitgestort wat geskrywe is in die wet van Moses, U kneg.

Ons het teen U "o" VADER, en U Seun YAHUSHA, Wetsoortreders geword. Daarom soos in die Wet van Moses geskrywe is, dat al hierdie ongunstigheid oor ons sal kom. Ons het die aangesig van U onse VADER nie om guns gesmeek deur ons te bekeer van ons ongeregtighede en Wetteloosheid nie. Ons het nie ag gegee op U Waarheid nie.

Met diepe ootmoed staan ons voor U, o VADER, met smeekgebed dat U, U Seun sal toelaat dat Hy Sy ereplek sal kom inneem; Dat YAHUSHA dié Gesalfde sal terug kom as Koning om te kom heers; Dat Hy op Sy Troon kan kom sit om oor ons te kom regeer.

U was wakker oor die onreinheid, om dit oor ons te bring; U onse VADER is regverdig by al U werke wat U doen, maar ons het nie na YAHUSHA se stem geluister nie.

O VADER, ons smeek en pleit by U om ons gebed te verhoor. Laat vir U 'n nageslag in hierdie deel van die Suiderland. Moet tog nie al die geroepe *Yashar'EL* / Saksers 'U uitverkore' vernietig en die stuk aarde wat U aan hulle toegestaan het sonder inwoners nie. VADER, laat tog volgens U geregtigheid 'U toorn en grimmigheid' versag van hierdie land. Sien U gewyde afgesonderde volk se roep en erkenning aan oor ons oortredinge.

U volk in die Suiderland het ‘n voorwerp van versmading en veragting vir die wêreld geword. Die teenstanders verbly hulle in ons smaad, hulle vra: Waar is jou “sogenaamde Magtige SKEPPER” wat sal help? Merk tog op dat Ha satans werkers onder U volk ons vernietig deur hulle gode en beelding daarvan: Gedenknaalde (obeliske), Vrede pale, Vis, Duif, Kruis, Biddende hande, Sondag aanbidding, Baäl name, en vele meer .

Daarom hoor dan nou onse VADER na die gebed van U knegte. Luister na ons smekinge. Laat ter wille van Woord U aangesig skyn oor U gewyde afgesonderdes. Laat ons bekeer en verootmoedig ‘o’ VADER. Hoor en neig U oor ons belydenis. Open U oë en aanskou ons verwoeste plekke. Kyk na al die moorde, verkragting en die wetteloosheid; Die land / U land waar U ongehoorsame volk woon; N’ volk smekend voor U. Ons roep uit in ons ongeregtigheid en werp onsself voor U aangesig neer in smekinge; Ons roep uit op grond van U grote Naam wie ons geminag het.

VADER U het U Seun YAH gestuur waarvan ons deur die eeue Sy Woord geminag het. Ons is aan ons slegte gesindheid oorgegee, waardeur die haat en uitgemoor kom om U uitverkorenes tot niet te maak.

VADER dink daaraan dat dit U wil was dat U volk nie aan die wêreld verbonde of gelyk moes wees nie. Ons dink terug waar U Seun YAHUSHA genoem het dat Hy heengaan om vir die getroues ‘n plek in U hemele te berei, want Hyself gesê het: In die huis van My VADER is daar baie wonings.

Daarom kom ons in verootmoediging en pleit in smeking vandag voor U ‘o’ VADER,“U volk is op hul knieë”,. U volk is in nood en met begeerte smeek ons dat U ons gebed sal verhoor; Daarom VADER hoor, VADER vergeef, VADER merk op en doen dit. VADER vertoef tog nie om U grote Naam ontwil.

U is dié ALMAGTIGE “VADER”. U moet U Seun YAHUSHA stuur om ons te kom regeer en beskerm. Dat Sy Naam / U Naam wat ons geminag het, weer eervol herstel sal word.

VADER ‘Ewiglewende Magtige’ kom en werp die aards heersers met hulle trone in die buitenste duisternis. Ons soek YAH ‘U Seun’ en Sy uitgesoekte leiers nie die aardse leiers wat U volk so mislei en vertrap nie.

VADER in U Seuns “YAHUSHA” sluit ons in Verootmoediging; Mees Getroue, Gewyde, Magtige, Majestueuse, Liefdevolle, Barmhartige, Regverdige en Ewiglewende

HalleluYAH

DIE LIED VAN JONG SUID-AFRIKA

En hoor jy die magtige dreuning?
Oor die veld kom dit wyd gesweef:
die lied van 'n volk se ontwaking
wat harte laat sidder en beef.
Van Kaapland tot bo in die Noorde
rys dawerend luid die akkoorde:
Dit is die LIED van Jong Suid-Afrika,
dit is die LIED van Jong Suid-Afrika,
dit is die LIED van Jong Suid-Afrika.

Die klop van die Voortrekker wawiel
het die eeue se rus verstoor;
die klank van die voorlaaier skote
het klowe en kranse gehoor.
Die diere het stil staan en luister,
die bome het bewend gefluister:
Dit is die KOMS van Jong Suid-Afrika,
dit is die KOMS van Jong Suid-Afrika,
dit is die KOMS van Jong Suid-Afrika.

Waar songloed in glorie die berge
oor hul fronsende voorhoof streel,
waar ruisende wind oor die vlaktes
met grassaad kerjakker en speel,
die land wat ons vaders gekoop het,
met bloed tot ons eie gedoop het:
Dit is die LAND van Jong Suid-Afrika,
dit is die LAND van Jong Suid-Afrika,
dit is die LAND van Jong Suid-Afrika.

Die golwende veld is ons woning
en ons dak is die hemelblou;
die Vryheid alleen is ons koning,
sy wagwoord is: "Handhaaf en bou".
Die stryd wat ons vaders begin het
sal woed tot ons sterf of oorwin het.
Dit is die EED van Jong Suid-Afrika,
dit is die EED van Jong Suid-Afrika,
dit is die EED van Jong Suid-Afrika.

Boereplaas

O Boereplaas, geboortegrond!
Jou het so lief bo alles.
Al dwaal ek heel die wêreld rond,
waar so gelukkig, so gesond?
O Boereplaas, geboortegrond!
Jou het ek lief bo alles.

O moederhuis, waar ooit so tuis?
Jou het ek lief bo alles.
Die wêreld, rykdom, prag en praal
kan jou verlies my nooit betaal.
O moederhuis, waar ooit so tuis?
Jou het ek lief bo alles.

O moedertaal, o soetste taal!
Jou het ek lief bo alles.
Van al die tale wat ek hoor,
niks wat my siel ooit so bekoor.
O moedertaal, o soetste taal!
Jou het ek lief bo alles.

Die Gelofte

Sarel Cilliers

Hier staan ons voor die VADER van Afgesonderdheid van die hemel en aarde om 'n gelofte aan Hom te doen dat as Hy ons sal beskerm en ons vyand in ons hand sal gee, ons die dag en datum elke jaar as 'n dankdag soos 'n Shabbat sal deurbring, en dat ons 'n huis tot sy eer sal oprig waar dit Hom behaag, en dat ons ook aan ons kinders sal sê dat hulle met ons daarin moet deel tot nagedagtenis ook vir die opkomende geslagte, want die eer van Sy naam sal verhoog word deur die roem en die eer van oorwinning aan hom te gee.

Andries Pretorius

Hoe kan enige saak sonder YAH begin, dit is verydel; hoe elkeen homself behoort te gedra, in die geveg teen die vyand; dat ons, as redelike skepsels, onder die lig van die Evangelie gebore, ons nie soortgelyk aan hulle moet gedra, in die verniel van eenvoudige vroue en suigelinge nie; en dat ons van YAH mag begeer, dit wat nie met Sy strenge regverdigheid strydig is nie. Hy het hulle verder vermaan, hulle ondergeskiktes wakker te maak om saans en soggens hulle dagtake aan YAH op te dra in gebed; Dat hulle die Reine Shabbat ter ere van YAH sal deurbring en nalaat om Sy grote naam ydellik te gebruik en die Allerhoogste te laster.

Die Stem

Eerste vers

Uit die blou van onse hemel, uit die diepte van ons see,
Oor ons ewige gebergtes waar die kranse antwoord gee.
Deur ons ver -verlate vlaktes met die kreun van ossewa-
Ruis die stem van ons geliefde, van ons land Suid-Afrika.

Ons sal antwoord op jou roepstem, ons sal offer wat jy vra:
Ons sal lewe, ons sal sterwe – ons vir jou, Suid-Afrika.

Vierde vers

Op U Almag vas vertrouend het ons vadere gebou:
Skenk ook ons die krag, o YAH! om te handhaaf en te hou —
Dat die erwe van ons vadere vir ons kinders erwe bly:
Knegte van die Allerhoogste, teen die hele wêreld vry.

Soos ons vadere vertrou het, leer ook ons vertrou, o YAH —
Met ons land en met ons nasie sal dit wel wees, YAH regeer.

Ek sluit met die woorde van Paul Kruger tydens die Paardekraal gelofte nl.:

"Indien die liewe ~~Heer~~ VADER ons help, en dit Sy wil is, en dat ons land terug sal kry, dat die volk elke jaar terug sal kom om daar fees te vier, juis by hierdie selfde steenhoop, en aan ons ~~Heer~~ VADER ons gelofte kom betaal. En hierdie steenhoop is die ewige getuie daarvan."

Gelofte

In die teenwoordigheid van die Almagtige (God) VADER , die kenner van alle harte, onder biddend, siende om Sy genadige hulp en ontferming, kom ons, burgers van Suid-Afrikaanse Republiek, plegtig ooreengekom, soos ons by hierdie ooreenkoms, om vir ons en onse kinders 'n heilige (afgesonderde) verbond op te rig, het ons met plegtige eed besweer.

Ruim veertig (+- 180) jaar gelede, dat onse vaders die Kaapkolonie ontvlug sy, om 'n vrye en onafhanklike volk te word. Hierdie veertig (+ -180) jare was veertig jaar van smart en lyding.

Ons het Natal, die Oranje-Vrystaat, en die Suid-Afrikaanse Republiek gestig, en drie maal het die Engelse Regering ons vryheid vertrap.
En ons vlag, wat ons vaders in hul bloed en trane gedoop het, teen die grond platgeslaan.

Soos deur 'n dief in die nag is ons vrye Republiek weggesteel. Ons kan en ons mag dit nie dra nie. (God) VADER wil, wat eerbied van ons vaders en liefde teenoor ons kinders ons voorskryf, die erfpand van ons vaders ongeskonde aan ons kinders oor te lewer.

Daarom is dit dat ons hier byeenkom en ons mekaar die hand gegee as manne, broeders, plegtig te belowe, getrou te hou aan ons land en volk en met die oog op (God) VADER saam te werk, tot die dood toe saam te werk vir die herstel van die vryheid van ons Republiek.

So help (God) VADER Almagtig.